Jaareinde 2008 ■ Nuusbrief

CHRISTENE VIR DIE WAARHEID

CFT NEWS (as nuusblad geregistreer)

Privaatsak 250 • Kranskop • 3268 (032) 481-5512 Fax (032) 481-5507 e mail@cft.org.za web www.cft.org.za

Trek die Volle Wapenrusting aan

Dit was die tema van die CFT konferensie en tydens die eerste byeenkoms (Vrydagaand, 5 September 2008) het Eerwaarde F.H. Stegen die toon aangegee vir die konferensie met 'n baie duidelike boodskap. Die volgende beskrywing is 'n opsomming van die boodskap. Die volledige boodskap is op CD en kan by ons bestel word.
(kontakbesonderhede is voor op die nuusbrief)

Efesiërs 6:10-20

Volgens Paulus het ons die volle wapenrusting nodig om staande te bly.

Julle lendene met die waarheid omgord:
Die waarheid is die Woord van God en die krag van God. Ons moet hierdie gedeelte van die wapenrusting aantrek, sodat ons dit wat ons verkondig, kan uitleef. As iemand na my kyk, moet hulle die waarheid in my sien en besef dat daar geen leuen in my is nie.
Die waarheid aangaande my lewe moet aandui dat ek 'n nederige persoon is, 'n dienskneg van almal, iemand wat nie my eie belange soek nie, maar die belang van ander. Om 'n ware dienskneg te word, moet ek omgord wees met die deernis en liefde van God die Vader. Dit is wat dit beteken om die gordel van die waarheid aan te trek.

Die borswapen van geregtigheid:
Om die borswapen van geregtigheid aan te trek, beteken dat ek hoë morele waardes en 'n onbesproke karakter moet hê en dat almal weet ek doen wat ek sê. My gedagtes is skoon en rein, en ek is tenvolle beskut deur dit wat van God is, ongeag wat oor my pad kom. As ek hierdie borswapen dra, sal die pyle van die bose nie in staat wees om my hart te bereik nie.

Die bereidheid van die Evangelie van vrede aan julle voete:
Paulus sê dat indien jy die volle wapenrusting van God wil hê, dan moet jy jou voete beklee met bereidwilligheid vir die verkondiging van die Evangelie van vrede. Met ander woorde, ons het ongelooflike krag wanneer ons uitgaan en aan mense vertel wie Jesus Christus is en dat Jesus vandag nog lewe en lewendig is in my lewe. My lewe sal 'n preek aan almal wees, dat elkeen wat my lewe lees, Christus in my sal raaklees.

Die skild van die geloof:
Geloof is totale en absolute vertroue of hoop, sonder enige logiese bewys. Die onvoorwaardelike aanvaarding van God se geskrewe Woord; omdat God so sê.
Dit beteken niks minder nie as dat ons die Woord van God neem en net so op ons lewe toepas. “Here, as U Woord so sê, neem ek dit vir myself en glo dit. Of ek so voel of nie, of ek dit sien of nie, maar omdat U Woord so sê, gryp ek dit vas.
Wanneer U iets sê, neem ek dit aan, pas dit op myself toe en lewe daarvolgens. Ek hoef nie bewyse daarvoor te hê nie.”

Die helm van verlossing:
Ek neem die verlossing wat Christus op Golgota vir my verkry het en plaas dit op my hoof as 'n helm en gaan uit om die bose in die oë te kyk, omdat ek met my hele hart glo dat die Here Jesus my van al my sonde verlos het.

Die CFT President skryf...

My liewe vriende

President se boodskap tydens die Jaarlikse CFT Konferensie 5 - 7 September 2008 **DEEL 1**

Weereens wil ek dankie sê aan my Hemelse Vader vir die eer en voorreg om deel te kan wees van die CFT leierskap. Om so 'n edel doel na te streef, is 'n groot skat wat nie in terme van geld bereken kan word nie.

Ons Missie
Om Christelike norme en waardes soos vervat in die Woord van God, in stand te hou en te bevorder.

Ons Visie
'n Nasie daartoe geïnspireer om volgens die hoogste Christelike norme en waardes te leef.

Ek wil graag die CFT-bestuur en lede bedank vir die aanvaarding en ondersteuning wat ek die afgelope jare geniet het. Mag die Here u seën.

Trek die volle wapenrusting aan
My boodskap vandag aan julle is gebaseer op twee voorbeelde van 'n Zoeloe krygsmag. Ek wil dit net graag duidelik stel dat ek die voorbeelde nie letterlik nie, maar geestelik bedoel.

Die van u wat belangstel in die lofprysing van die Zoeloe konings, sal met die volgende stelling vertroud wees:

“Ilanga lisehlule madoda, sesingamavikithi.”

Dit is 'n eerlike erkenning deur Zoeloekrygers dat hulle deur die son oorwin is en nie langer geskik is om te veg nie.

Neem kennis dat hierdie krygers nie deur die vyand oorwin is nie, maar dit was die hitte van die son wat hulle ongeskik vir oorlog gemaak het. Vriende, dit is vandag die kern van my boodskap aan julle.

In die eerste plek wil ek noem dat ons grootste vyand nie ons opponente is nie, maar die faktore en invloede wat ons van ons veggees beroof.

Laat ek vir julle sê wat ek as die grootste sondebok geïdentifiseer het - apatie.

Apatie. Apatie. Hoe pateties.
Dit is skokkend om te sien hoe wydverspreid die gees van apatie is. Dit lyk asof baie mense net nie meer omgee dat sosiale en morele sake hulle lewens beïnvloed nie. Al waarin hulle belangstel, is om kos op die tafel te kry en om na te jaag wat hulle dink hulle gelukkig sal maak.

Vra vir gemeenskapsleiers hoe moeilik dit is om mense sover te kry om vergaderings by te woon. Daar is 'n baie relevante grap onder my mense wat sê dat as jy nie 'n bees slag nie, niemand die moeite sal doen om na jou vergadering toe te kom nie.

Daar is niks mee verkeerd om 'n bees te slag en sodoende 'n maaltyd aan die toehoorders te verskaf nie, maar wanneer die bees die rede vir die bywoning van die vergadering word, dan skort daar êrens iets drasties.

Deesdae wil mense vermaak word.
As regeringsbeamptes reëlings vir vergaderings tref, moet hulle ook begroot vir gewilde sanggroepe om op te tree om sodoende die mense te trek. Daarmee hoop hulle, om tussen die gedans deur, ook die boodskap oor te dra.

Dit is verontrustend dat selfs kerkgangers deesdae vermaak wil word. God se Woord word hiermee verlaag tot 'n nie-belangrike toevoeging by die diens. Vriende, as God se Woord nie meer die belangrikste aantrekkingskrag is nie, is daar iets groots verkeerd. Onverskilligheid teenoor God se Woord, is geestelik noodlottig.

(Vervolg in volgende nuusbrief. Volledige toespraak beskikbaar op die CFT webblad)

Mensehandel, Prostitusie en 2010

'n Voordrag gelewer deur Martin Coltman van Dokters vir Lewe tydens die CFT Konferensie

1. Mensehandel, naas wapen- en dwelmsmokkelary, het die wêreld se derde grootste kriminele aktiwiteit geword. Volgens die Amerikaanse Staatsdepartement word 800 000 mense jaarliks onwettig oor nasionale grense heen vervoer. Dit sluit uit die onderlinge interne mensehandel in lande. Tagtig persent van hierdie slagoffers is vrouens en dogters en 50 persent is kinders. Die grootste meerderheid mensehandel vind plaas met seksuele uitbuiting ten doel. Dit is dan ook die rede hoekom daar so 'n sterk verband tussen mensehandel en prostitusie is.

2. Prostitusie kan gedefinieer word as die aanbied van seksuele dade in ruil vir vergoeding en in Suid-Afrika is dit 'n kriminele daad. In 2002 het 'n groep prostitute en 'n koppelaar die wette oor prostitusie in die Konstitusionele Hof uitgedaag. Dokters vir Lewe het namens die staat 'n voorlegging aan die Konstitusionele Hof gemaak en die Hof het beslis dat die bestaande wette, wat prostitusie as 'n misdaad beskou, gehandhaaf moet word. Onlangs het die Stadsraad van Durban besluit dat hulle rooilig-areas wil skep sodat die seksbedryf, soos ontklee- en gesellinklubs vir 2010 gesentraliseer kan word. Dokters vir Lewe staan die wettige seksbedryf teen aangesien dit beskou word as 'n front vir prostitusie en mensehandel. Die Stadsraad het ook gesê dat hulle prostitusie wil wettig al is dit teen die wet. Hulle erken wel dat die Parlement moet optree.

3. Daar is hoofsaaklik vier maniere waarop die regering prostitusie hanteer:
3.1 Kriminalisasie is wanneer beide die prostituut en die koper skuldig is aan 'n misdryf. Dit stuur 'n duidelike boodskap aan die publiek dat prostitusie onaanvaarbaar is en dit is die standpunt wat Christene behoort te huldig. Nietemin, omdat prostitute gewoonlik die slagoffers van negatiewe omstandighede is, moet ons medelye hê en hulle behulpsaam wees om dié leefwyse te laat vaar en 'n vervullende lewe te lei.
3.2 Gedeeltelike kriminalisasie is wanneer die koper skuldig is aan 'n misdaad maar nie die prostituut nie. Alhoewel dit die voorkoms van prostitusie verlaag is dit 'n ongesonde situasie aangesien die prostituut net aanhou oortree.
3.3 Dekriminalisasie is die verwydering van alle wette oor prostitusie. Dit stuur die boodskap uit dat prostitusie 'n normale en aanvaarbare manier is om 'n bestaan te maak. Dit skep ook 'n situasie waarbinne koppelaars en mensehandelaars vrylik kan handel dryf. Dit is 'n slegte situasie.
3.4 Wettiging beteken dat die staat prostitusie beheer en so die koppelaar word en die mees kwesbare deel van die bevolking vir winsbejag uithuur. Dit is totaal onaanvaarbaar.

4. As prostitusie gewettig of gedekriminaliseer word, vereis dit optrede van die Parlement en dit sal die deur oopmaak vir koppelaars en mensehandelaars om hulle bose bedryf vrylik te beoefen. Suid-Afrika het 'n werkloosheidsyfer van 37%. Prostitusie en koppelary word in die alledaagse leefwyse en in musiekvideos geromantiseer. Die versoeking om Dollars en Euro's te verdien, sal die morele waardes van die jeug besoedel. Duisende jongmense sal na die stede gelok word met beloftes van werk slegs om in mensehandel en prostitusie te eindig.

5. Indien u enigiets in die media hoor wat klink asof die bespreking rondom prostitusie op provinsiale of nasionale vlak gevoer gaan word, stel asseblief dadelik vir CFT en Dokters vir Lewe in kennis. Die Grondwet bepaal dat daar publieke deelname moet wees voordat die parlement enige wette kan herroep of deurvoer. As 'n mens die prosedures wat gevolg moet word voordat 'n wet herroep of aanvaar kan word, in aanmerking neem, sal dit moeilik wees om dit voor 2010 te doen. Maar dit is moontlik dat dit op die nippertjie deurgevoer kan word. Ons moet dus gereed wees vir aksie.

The Herald
Nuus Artikel

Polisieman van Port Elizabeth lê mensehandel sindikaat bloot.

'n Polisie-offisier van Port Elizabeth se volharding in sy soektog na 'n vermiste 15-jarige meisie het 'n nasionale mensehandelnetwerk, met diep wortels in Sentraal Port Elizabeth, blootgelê.
Die deurbraak het gekom nadat polisiekonstabel, Marcelle van der Watt, se soektog na die vermiste meisie, Janice "Vissie" Kakora, hom na Bloemfontein gelei het.
Janice het verlede jaar gedurende Desember van St. George's Strand naby Motherwell, verdwyn.
12 Augustus het die polisie die Maitland Hotel in Bloemfontein deursoek en drie ontvoerde meisies in 'n bedenklike toestand aangetref.
Twee van die meisies, 18 en 19 jaar onderskeidelik, is in Port Elizabeth ontvoer en die derde, 14 jaar oud, in Barkley Wes.
Die gebeure het gelei tot die inhegtenisneming van 10 mense en die beslaglegging op R4000 se gesteelde goedere asook dwelms ter waarde van R8000. Die polisie het ook die name bekom van 5 Nigeriërs wat in Port Elizabeth gestasioneer is en wat in die sindikaat betrokke is.
Twee van die mans wat betrokke is, het 'n onwettige aborsiekliniek bedryf. Twee vroue, wat in Pretoria in dwelmklagtes betrokke is en ses onwettige immigrante, is ook onder dié wat in hegtenis geneem is.
Volgens inligting wat die polisie van die drie meisies bekom het, is hulle in sommige gevalle met geweld ontvoer.
Hulle het die meisies na hulle motor gesleep, kokaïne in hulle neuse opgedruk en hulle gille gedemp deur hulle monde toe te druk.
Hierna word hulle aanhoudend vir twee weke verkrag.
Sodoende word die meisies ingebreek en gekondisioneer om prostitusie te aanvaar.
In Port Elizabeth gebeur dit na bewering op verskeie persele in die sentrale sakegebied in die stad. Hulle word dan na Bloemfontein geneem vanwaar hulle oor die hele land "versprei" word, of na plekke waar daar 'n tekort aan "vars gesigte" is.
(The Herald, 5 September 2008)

Oordenking

'n Ope geheim

"En aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie". (Lukas 2:26)

Christus se geboorte en Sy verlossing...

Die toegewyde Simeon het 'n spesiale openbaring direk van die Heilige Gees gehad sodat hy die Christuskind kon herken. Nou is die geboorte van Christus en Sy algehele verlossing oor die hele wêreld bekend. Die Nuwe Testament verkondig dié inligting, predikers getuig van die Goeie Nuus aangaande Jesus en deur baie ander kommunikasiemetodes word die Evangelie van ons Verlosser aan elke volk en nasie verkondig. In daardie sin is ons nie meer in die "tyd van onkunde" nie, maar *"verkondig nou aan al die mense dat hulle hul moet bekeer"* (Hand. 17:30)
En tog is dit nog steeds waar dat hierdie goeie tyding van die geboorte van Jesus vir baie mense nog steeds 'n geheim is, aangesien net die Heilige Gees iemand kan help om die ware feite en die betekenis van Sy koms na die aarde te verstaan.
Bid met al jou krag dat Christus, deur die Heilige Gees, aan jou openbaar sal word en dat as die Evangelie oor die wêreld heen verkondig word, die Here alle mense oral oor sal verlig sodat hulle hul sal bekeer danksy God se Geskenk aan die wêreld.

LEWENSKETTING - 4 & 5 Oktober 2008

Lewensketting is op die 4de & 5de Oktober op verskillende plekke gehou.

4 Oktober: In Empangeni het 120 lede van Christene vir die Waarheid (CFT), vanaf die taxi staanplek na die staatshospitaal gestap, geklee in swart. Hulle het miniatuur kiste gedra. Verbygangers wou weet of daar lykies van regte babas in die kiste was. 'n Memorandum van Besorgdheid is aan die verteenwoordiger van die hospitaal oorhandig (sien inlas). Dit was die eerste Lewensketting ooit in Empangeni.

5 Oktober: In Durban, het ongeveer 50 CFT lede 'n Lewensketting gevorm langs Umgeniweg. Hulle het baie aanmoediging van die verbygaande motoriste ontvang. Radio Khwezi en Good News Gemeenskapsradio het onderhoude met die deelnemers gevoer.

Die Lewensketting is 'n internasionale gebedsvolharding en 'n vreedsame plakkaatprotes teen aborsie.

GodSpeaks.org.za

U sal onthou dat ons tydens die laaste twee CFT Algemene Jaarvergaderings besluit het om te kyk na die moontlikheid van 'n projek GOD PRAAT. Dit is 'n Amerikaansgebaseerde projek en hulle het ons toestemming gegee om dieselfde te doen in Suid-Afrika.

Dit is basies 'n projek om groot advertensieborde met kort slagspreuke op te sit, soos die voorbeelde hieronder. Ons sal u voorstelle hoog op prys stel. Gaan kyk gerus op www.godspeaks.co.za en bekyk die webblad sorgvuldig. Klik dan op "contact" en gee u kommentaar.

SLAGSPREKE:

Jy moet jou naaste liefhê. God
Sal die pad waarop jy nou is, jou by My plek uitkry? God
Het jy 'n Huweliksberader nodig? God
As jy moet vloek, gebruik jou eie naam! God
My weg is die hoofweg. God

Faks 086 615 6540
Sel 082 492 4428
www.godspeaks.org.za
info@godspeaks.org.za